

VYFTIEN NUWE
PARADIGMAS
(NO. 10-12)

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

*'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 5)*

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Selkerk het vir my soveel hoop en visie gebring om die hart van die evangelie beter te kon uitleef en reproduseer. Ek sal die Here ewig dankbaar wees daarvoor. Die grootste vyand wat jy egter ooit in gemeentewees tegemoet sal moet gaan, is getalle of groei! Die selkerk het in homself die vermoë om 'n al groter las te word hoe groter hy groei, en uiteindelik kan dit nie die opdrag om "al die nasies" te dissipel, ontmoet nie! Die meeste selkerke bestaan uit 80-150 mense, dan 400-600, dan 2000, dan 6000, dan 30 000 en dan die gemeente van Paul Yonggi Cho met 900 000 mense. Daar is interessante redes waarom gemeentes in hierdie spesifieke grotes voorkom, wat 'n onderwerp op sy eie is. Die heel grootste selkerke is dan ook hoofsaaklik in die ooste en meer spesifiek in Korea. Die heel grootste Methodiste, Presbiteriaanse, sowel as Charismatiese gemeente in die wêreld, is almal in Sheol in Korea. Navorsing toon dat enige groei bo 150 met hoofsaaklik twee faktore te doen het, naamlik 'n dinamiese evangelistiese leier, en veral 'n baie sterk organisatoriese bestuur en administratiewe sisteem.

Ons probleem uiteindelik is dat die meeste leiers nie vyfvoudige evangeliste is nie en veral nie die vermoë besit om te organiseer of bestuur nie. Leiers is gewoonlik geestelike passievolle mense en hulle swakste gawe is gewoonlik organisering. Hulle het eenvoudig geen lus om groot sisteme te skep nie en kan dit ook nie doen nie. Jy kan vir hulle 100 goeie kursusse daarvoor aanbied, dit sal steeds nie werk nie. Die geskiedenis van die laaste 300 jaar het dit bewys. Die punt bly steeds staan dat ons die opdrag het om AL die nasies te dissipel en nie net 150 mense nie. Ons opdrag is om al die nasies in Suid Afrika te dissipel en hoe gaan ons hulle almal organiseer? Daar moet 'n antwoord wees.

DIE VYFTIEN PARADIGMAS

Al vyftien paradigmas is beskrywings van radikale funksioneringsverskille tussen wat die gemiddelde gemeente in die weste doen en wat David Watson in Indië gedoen het. Onthou ook dat die beskrywings van die paradigmas nog geen oplossing is nie. Dit is slegs die ontleding van die probleem. Ons werk na 'n punt toe waar ons 'n praktiese gemeentewees gaan bou uit al die verskillende dinge waaroor ons nou praat. Ons probeer eintlik nog net die hart en buitelyne aanvoel van die nuwe dinamiek van gemeentewees wat al die nasies kan dissipel. Na die vyftien paradigmas gaan ons positief bou aan 'n dinamiese oplossing.

10) AMP VAN DIE GELOWIGE!

Die hart van gemeentewees handel in wese oor om ongelowiges te dissipel en hulle dadelik in te span met die taak om die oes in te bring. Die taak is nie om die ongelowiges te evangeliseer, dan kerk toe te bring, dan te dissipel en dan weer uit te stuur nie. Daardie proses het nou al honderde jare lank nie gewerk nie. Alhoewel gemeentewees in wese oor dissipels gaan, is die stem van die voltydse span so oorweldigend dat daar nie veel van die gelowiges te hore is nie. Ons het deur die geskiedenis nou al elke liewe middel denkbaar gebruik om die oes in te bring. Enigiets van geboue, organisering, boeke, radio, televisie, motors, vliegtuie, prediking, kursusse en 'n ontelbare hoeveelheid ander goed. Alles het iewers 'n goeie bydra gemaak, maar dit lyk net nie of ons 'n groot genoeg duik in die getalle maak om te sê dat ons binnekort die taak sal kan afhandel nie! Ek glo in al hierdie dinge, maar nie een van hulle het op sy eie 'n dramatiese verskil gemaak nie.

Daar bly net een faktor oor wat ons kan help en dit is dat alle bestaande gelowiges gemobiliseer word om die span te word wat die oes moet inbring. Het Jesus nie self vir ons gesê waar die probleem is toe Hy gesê het “Bid die Vader van die oes dat Hy *werkers* sal instuur!” Die oes is reeds ryp en daar is net nie genoeg werkers vir die saak nie. Die enigste oplossings in die bereiking van die wêreld is die werking van die Woord en Heilige Gees deur elke gelowige op aarde. Die gemeente is die bruid van Jesus Christus en die grootste sluimerende faktor op aarde! Sy is die een wat alle gesag en mag van die bruidegom het! Sy glo egter nie in haarself nie en het passief geword weens bediening, prediking en vermaak. Daar is nie in haar leiers die geloof dat sy die oplossing is nie, anders sou hulle plek vir haar gemaak het sodat sy haar rol kan vervul.

Dit wat David Watson gedoen het, was in eenvoudige terme net die herstel van die amp van die gelowige! Die gewone gelowige is die belangrikste persoon in die gemeente, en die leiers is net daar om hulle te fasiliteer en nie hulle werk oor te neem nie. Die orige werk op aarde moet deur die gewone gelowiges gedoen word en nie deur ‘n voltydse span nie! Die amp van die gelowige is die sleutel tot die Vader se werking op aarde. Die Woord en die Heilige Gees het die gelowige nodig om die Vader te vergestalt op aarde. Daar is geen manier hoe enige huidige voltydse span die werk gedoen gaan kry nie. Hoe meer die voltydse leiers werk, hoe minder werk die gelowiges! Leierskap moet hulle verhoogposisies verlaat en die liggaam die kans gee om haar plek in te neem. Glo ons regtig dat die liggaam die werk beter kan doen as ons as leiers? Miskien kan hulle dit wel nie so goed soos ons doen nie, maar hulle kan eksponensieel meer as ons doen.

As ons glo 'n gewone, werkende gelowige kan 'n sel bedryf, kan hy ook 'n gemeente bedryf indien dit op verhouding en nie organisasie gebou is nie. Dit is nou al telkemale oor die wêreld heen bewys, maar ons wil dit steeds nie glo nie. Dit het gemiddeld 4 dollar gekos om 'n gemeente in Indië te begin. Miskien is dit te konfronterend vir ons voltydse leiers. Ons het talle verwysings van gewone gelowiges wat 1-15 gemeentes (of selgroepe in selkerkterme) begin het en dit self bedryf! Miskien moet ons hulle dalk net 'n slag die kans gee, die visie en gesag in hulle hande plaas, en hulle vrylaat. In die weste plant ons gemeentes met vyfvoudige bedieningsleiers wat 10-20 jaar ondervinding het en dan sukkel ons nog steeds. In Indië word gemeentes geplant met pasbekeerde gelowiges, want hulle eerste liefde help hulle om dinge vir die Here te doen wat meer as gewaagd is. 'n Pasbekeerde se eerste liefde is die kragtigste passie wat jy ooit kan vind om gemeentes mee te plant. Die enigste verskil is dat jy dit dan baie eenvoudig moet hou!

As daar een beginsel is wat my onbeskryflik opgewonde maak, is dit juis hierdie een van die gelowiges wat ontstaan en die werk van die bediening begin doen. Die volgende groot beweging in die liggaam is nie enige leierskapsbeweging nie, maar gewone gelowiges wat ontstaan en die volheid van God versprei deur Woord en Heilige Gees! Soos wat ek in gemeentes rondbeweeg, hoor ek die uitroep en versugting van die gelowiges om iets dinamies en effektief vir die Vader te doen. Tot en met hede akkommodeer ons net gelowiges in departemente om sekere funksies vir die leiers te doen, maar hulle wil vertrou word om self die gemeente te lei! David Watson het dit met die openbaring van die Heilige Gees reggekry om elke gelowige in diens te neem en hulle die mees verantwoordelikste werk in die koninkryk te gee, naamlik gemeenteleierskap. Dit was 'n ongelooflike risiko, maar het

gelei tot die vinnigste gemeenteplantingsbeweging in resente jare! Ek dink ons het iets om ernstig voor die Vader te bedink en herevalueer. Die oplossing vir al ons gemeenteprobleme is in ons gemeentes, naamlik die gelowiges in die stoele!

11) ATMOSFEER VERSUS VOEDING!

In die bestaan van 'n lewende organisme is daar twee belangrike faktore wat die gesondheid en toekoms van die organisme bepaal. Hierdie twee faktore is atmosfeer en voeding. 'n Goudvissie se atmosfeer is die water en sy voeding is die kos wat in die water gegooi word. Nooit moet ons hierdie twee faktore teenoor mekaar stel nie, want beide is nodig, maar die een is meer belangrik as die ander. 'n Goudvissie kan weke lank sonder kos klaarkom, maar slegs 15 minute buite die water sal hom laat vrek. Jy kan dus langer sonder voeding klaarkom as sonder atmosfeer. Atmosfeer is dus meer bepalend as voeding!

In ons gemeentewees het ons dit juis omgedraai. Ons voed en voed en oorvoed elke liewe gelowige tot hulle spekvat is, maar ons let nie so noukeurig op hulle atmosfeer nie! Ons weet dat die voeding die Woord is. Daar word baie gepredikte Woord deurgegee, maar die eersterangse Woord direk van die Vader is maar skaars. Die atmosfeer van die vis is die water en die atmosfeer van die voël is die lug, maar die atmosfeer van die mens is verhouding. Ons is 'n produk van verhouding, is gebore uit verhouding, moet grootgemaak word in verhouding en kan net groei as ons in verhouding staan. Die atmosfeer van die mens is nie kantore of lesinglokale nie! Die hart van die mens kan net groei waar hy in verhouding met ander harte staan. Die mens is 'n kuddewese en altyd afhanklik van ander mense op een of ander manier. Nie een van ons

was gemaak om net vir onself of op ons eie te lewe nie. As jy nie meer vriende het teenoor wie jy jou hart kan oopmaak en saam met wie jy kan lewe nie, sal jy ongesond in jouself word en geestelik uitteer.

Dit is dus van absolute belang dat elke mens 'n groep mense in sy lewe sal hê waar hy sy lewe neerlê en waarvandaan hy sy ondersteuning, bemoediging en inspraak sal kry. Dit is ook van uiterste belang dat hy in die groep deursigtig sal wees oor sy lewe deur dit duidelik te stel wat sy verantwoordelikhede is en ook aan dieselfde mense verantwoording sal doen! Daar is weinig gelowiges wat vrywillig verantwoording aan ander gelowiges doen en hul lewe oopstel vir inspraak. Ek dink nie ons het enige idee hoe 'n groot leemte hierdie saak in gemeentelêwe is nie. Die Engelse spreekwoord sê: "If you do not inspect the fruit; do not expect that there will be any fruit!" As mense nie verantwoordelik gehou word vir sekere vrug in hulle lewens nie, en daar ook nie van hulle verwag word om enige verantwoording te doen van die afwesigheid daarvan nie, weet ek ook nie of hulle enigsins die nodigheid sal sien om vrug te wil dra nie. Hierdie is na my mening seker een van die grootste ontbrekende faktore in die dissipelskap van mans. Mans neig na privaatheid, individualisme, geslotenheid en 'n weerstand om uit hulle hart te praat. Die manlike ego neig nie spontaan na openlikheid en deursigtigheid nie. Mans kompeteer en wil nie graag voor ander van hulle eie probleme praat nie!

12) FAMILIE INFRASTRUKTUUR!

Met die volgende paradigma kom ons nou by hoe ons al die mense pakket wat na die Vader gekom het. Dit is logies dat mense in een of ander infrastruktuur gehuisves word wat uiteindelik gemeentewees genoem word. Op die

oomblik kom gelowiges gemeente toe en dan akkommodeer ons hulle binne die huidige gemeentestrukture wat min of meer bestaan uit 'n gebou, 'n databasis, 'n voorafuiteengesette program en 'n sekere verhoudingsinfrastruktuur soos selle, departemente en allerhande bedieninge. Ek is 'n baie groot voorstaander daarvan dat ons ons voorgangers en selfs die vorige vorms van gemeentewees moet eer en respekteer vir wat dit vir ons gebring het. Wat ons het en selfs gehad het, is nie soseer verkeerd as wat dit volkome onvoldoende is om die opdrag uit te voer en al die nasies te dissipel nie!

Ek was jare lank 'n leier van 'n tipiese vernuwingsgemeente en ek het dit gate uit geniet, behalwe dat die oneffektiwiteit daarvan om mense te mobiliseer my eindeloos frustrer het. Ons kan ook nie 'n beter een bou as ons nie kan dankbaar wees vir die mooi wat die vorige wel gehad het nie. Oplossings word nie in reaksie op vorige dinge gebou nie, maar op 'n intense waardering vir die mooi wat almal wel gehad het. Die vorige was nie aspris verkeerd nie, want mense en leiers het net nie ander lig gehad op iets beters nie. As jy wel die betere lig het, moet jy in wysheid wandel en nie in hoogmoed nie. Ek kom self deur 'n hoogs Gereformeerde agtergrond, deur verskeie bedieninge, sendingorganisasies, charismatiese- en vernuwingsgemeentes en hulle het my almal die wêreldse goed gedoen, alhoewel mens dit dikwels ontgroeï het. As dit nie was vir die fundamente wat die Gereformeerde wêreld met sy Sondagskool en katkisasie in my lewe gelê het nie, weet ek nie waar ek vandag sou gewees het nie. Ek het dit gate uit geniet, en alhoewel baie mense mag sê dit is 'n ou stelsel, het dit my by die Woord uitgebring. Hierdie bedieningstelsel mag dalk nie meer aanklank by die hedendaagse jongmense vind nie, maar daar is min gemeentes wat al iets beters op grondvlak neergesit het! Wees versigtig om krities te raak oor dinge wat nie meer

volkome werk in ons elektroniese era, as jy niks beters kan wys nie. Laat ons die Vader uiters dankbaar wees vir elke bedieningsinfrastruktuur wat ons voorgangers neergelê het, omdat dit hulle hart was dat dit ons sou dien.

Nietemin, dit bly steeds waar dat die nasies nie geakkommodeer kan word in ons huidige infrastruktuur nie. Gelukkig vir ons infrastrukture groei ons gemeentes baie stadig en het ons die wêreldse tyd om struktuuraanpassings te maak. Indien ons elke gemeente vandag in getalle verdubbel, sal dit 'n baie groot skok op die infrastruktuur wees, alhoewel dit nog steeds nie 'n noemenswaardige bereiking van die nasies is nie! Nie net kan ons strukture dit nie hanteer nie, ons sal verseker nie genoeg leiers hê om die vermeerdering te hanteer nie. Wat het die gemeente in Handeling gedoen toe 3 000 en 5 000 mense bygevoeg is? Hoe het eenvoudige mense soos die dissipels die saak gehanteer? Daar moet 'n antwoord wees. Ons probleem in ons huidige opset is dat ons mense in *uiterlike strukture* wil huisves wat 'n *hiërargiese leierskapsmodel* het. 'n Struktuur wat so gebou word, is nie soseer verkeerd nie, maar kan nie reg laat geskied aan die wese van *die liggaam nie* en beperk ook *die groei* van die liggaam geweldig.

Die enigste infrastruktuur wat huidiglik fisies alle mense op aarde akkommodeer, is die familie-infrastruktuur. Die gemeente behoort ook so te werk en nie soos 'n besigheid bedryf te word nie! Die liggaam van die Here is in wese 'n bruid en kan nie soos 'n besigheid bedryf word nie. Dit mag sekere voordele inhou soos sekuriteit, maar dit sal haar wese neutraliseer sodat die nasies nie effektief bereik word nie. Gemeentewees gaan oor *mense* wat hulle *harte* aan die Vader oorgegee het en hulleself as *bruid* verbind het aan 'n bruidegom. Hierdie tipe verhouding kan nie in 'n besigheidsformaat bedryf word nie, maar slegs in

familieverband! Ek het nog nooit gelowiges gekry wat hulle huwelike volgens besigheidsstrukture bedryf nie, maar ons ry vanaf ons huise na 'n plek waar ons die bruid van Jesus Christus in 'n besigheidformaat bedryf! Hoe kom ons daarby uit? Dit is soos die wêreld ons geleer het en nie soos die Woord ons geleer het nie!

Lees maar I Thess.2:7-12 en kyk na al die familieterme wat Paulus die hele tyd gebruik. Hy praat van homself as 'n pleegmoeder wat haar kinders koester. Hy sê dat hy verlang na hulle en hoe aangenaam dit was om die evangelie en sy eie lewe aan hulle mee te deel, omdat hulle so dierbaar vir hom geword het. Hy het self gewerk om niemand van hulle te beswaar nie, sodat hy soos 'n vader sy kinders kan vermaan en bemoedig! Die God van die Woord is 'n Vader met kinders. Ons is nie 'n instituut, organisasie of besigheid nie. Ons mag wel van hierdie *elemente gebruik maak*, maar ons mag nie die bruid daarin pakket nie! Sy was gemaak vir 'n huis waar daar lidesverhoudings moet wees met menige kinders!

Ons huidige strukture is nie "evil" nie, maar net die verkeerde strukture en oneffektief vir die doel van dissipelskap van die nasies. Dit is uiters belangrik om te besef dat daar infrastruktuur in enige organisme of beweging moet wees. God is 'n God van orde en infrastruktuur is uiters noodsaaklik om enigiets bymekaar te hou. Ons moet net die regte infrastruktuur skep. Ek dink nie die huidige strukture in gemeentes hou mense vas nie. Hulle kan enige dag loop as hulle wil. Dit is die manier hoe leiers die strukture gebruik wat die mense vashou. Dit is leiers wat die strukture skep. As jy strukture wil verander, moet jy leierskap verander. Die struktuur is net 'n middel wat gebruik word om die leier of die liggaam te bekragtig! Die leier het die keuse of hy via 'n organisatoriese infrastruktuur met die mense in verhouding wil staan en of

hy suiwer vanuit sy hart in verhouding met mense wil staan. Die bestaan van 'n struktuur is nie die probleem nie, maar wel die manier hoe leiers in verhouding staan met die mense!

Hoe hou jy 6,5 miljoen mense bymekaar sonder dat hulle maar net elkeen sy eie koers loop? Daar is geen organisatoriese stelsel wat dit kan regkry nie. Dit is net verhouding tussen een hart en 'n ander hart wat dit kan doen! Die hele beweging in Indië word net deur hartsverhouding bymekaar gehou en niks anders nie. In die weste perk ons mense se inisiatief en vryheid in met leierskapsstrukture en die gevolg is dat hulle die hele tyd wil uitbreek. In Indië het mense volle vryheid om te doen wat in hulle hart is en daarom wil hulle graag bymekaar wees om mekaar te help! Gee mense hulle vryheid en hulle sal hulle lewe vir jou teruggee! Ons leierskapstyl in die weste verdeel mense omdat die fokus op die leier is en nie die werk in die koninkryk nie. Ware eenheid is nie wanneer 'n sekere hoeveelheid mense rondom 'n leier saamtrek nie, maar waar mense almal kan saamtrek rondom die hoofskap van Jesus Christus. Dit is maklik gesê, maar moet op 'n sekere manier gefasiliteer word.

Ons het dus in gemeentewees 'n sterk innerlike skelet nodig soos die van die mens. Meeste gemeentes het 'n sterk uiterlike skelet soos die van die krap, wat nie mooi lyk nie en groei beperk! Weereens, laat ons nie in reaksie gaan oor infrastruktuur nie, maar met verhouding die regte infrastruktuur skep. Met die infrastruktuur van vaderskap en seunskap kan 'n onbeperkte hoeveelheid mense hanteer word, want almal ken hulle plek en weet waar hulle inpas. God se oplossings is eintlik baie eenvoudiger as wat ons dink.

OPSOMMING

- 1) Die grootste vyand wat jy ooit in gemeentewees tegemoet sal moet gaan, is getalle of groei!
- 2) Ons sal nooit die nasies gedissipel of ingepas kan kry in ons huidige gemeentesisteme nie!
- 3) Gemeenteleiers was en is oor die algemeen swak organiseerders, maar wel passievolle herders!
- 4) Daar is net een faktor in gemeentewees wat nog nooit ten volle ingespan is nie, en dit is die amp van die gelowige!
- 5) Dit was nooit die werk van die voltydse span om al die werk te doen en die hele oes in te bring nie!
- 6) Die gewone gelowiges sal nooit opstaan om die werk te doen solank die professionele voltydse span dit doen nie.
- 7) Die oplossing vir al ons gemeenteprobleme is in ons gemeentes, naamlik die gelowiges in die stoele!
- 8) Mense kan langer sonder voeding as sonder atmosfeer klaarkom!
- 9) Die atmosfeer van die mens is verhouding met ander mense!
- 10) Ons moet respek en eer betoon aan leiers wat uit die opregtheid van hulle hart infrastrukture gebou het wat hulle geglo het ons sal laat groei!

11) Die uiterlike kerkstruktuur met hiërargiese leierskap is nie in staat om die volle oes in te bring of te akkommodeer nie.

12) Die enigste infrastruktuur wat huidiglik fisies alle mense op aarde akkommodeer, is die familie-infrastruktuur. Die gemeente behoort net so te werk en nie soos 'n besigheid bedryf te word nie!

13) As Paulus met 'n gemeente praat, is dit altyd vanuit verhouding en in familieterme.

14) Ons het net “vader en seun” verhoudings nodig om 'n onbeperkte hoeveelheid mense te orden. Almal pas maklik in binne die familie-infrastruktuur.